Bloemfontein Baptiste Kerk
Saam groei ons tree vir tree

# Yskas Waarhede

## Verlies en Teleurstelling

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

> *Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wat was jou drome aan die begin van hierdie jaar?**

---

---

---

**Watter teleurstellings het jy in hierdie jaar beleef? Watter drome kon nie bewaarheid word nie? Watter verliese het jy gehad in hierdie jaar?**

---

---

---

**In watter situasies het dit al vir jou gevoel God is ver weg of Hy hoor nie jou gebede om hulp nie? Wat het jy met daardie gevoelens gedoen? Deel met jou groep.**

---

---

---

**Lees deur Johannes 11:1-45 en beantwoord die vrae:**

**Wat het Jesus in vers 4 beloof? Het dit wel aan die einde van die storie gebeur?**

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik om vers 5 en vers 33-36 in hierdie storie te onthou?**

---

---

**Lees weer vers 37. Hoekom dink jy is ons geneig om sulke tipe vrae te vra wanneer dinge nie uitwerk soos ons gehoop het nie? Op watter manier het jy ’n soortgelyke vraag gevra oor jou eie teleurstellings?**

---

---

---

**In hierdie gedeelte het Lasarus weer gelewe en Jesus se woorde van vers 4 het waar geword. Hoekom dink jy kies God soms ’n ander roete deur hartseer, verliese en teleurstelling om sy doelwitte te bereik?**

---

---

---

**Wat dink jy is die gevaar as ons God se werk net "in die middel van die storie" probeer interpreteer? Watter effek kan dit op die diepte van ons geloof hê?**

---

---

---

**Martha en Maria het vir Jesus gesê wat hulle ervaring van die gebeurtenis was en selfs hulle teleurstelling dat Jesus nie daar was. Watter hartseer, kwaad en teleurstelling dra jy in jou hart oor hierdie jaar wat jy nog nie met God gedeel het nie? Hoekom dink jy het jy nog nie met God daaroor gepraat nie?**

---

---

---

**Lees Psalm 34:18-20 (19-21 in Engels). Op watter manier kan jy aan hierdie belofte vashou?**

---

---

---

**In die preek is 3 dinge genoem wat jy kan doen om jou hoop te behou: *1) Praat met ander; 2) Spandeer Tyd met God; 3) Vertrou God*. Watter een van hierdie drie dinge het meer fokus op die oomblik in jou lewe nodig? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees Hebreërs 10:23-24. Op watter manier kan jy na mense in jou kleingroep omsien deur hulle te bemoedig in die komende week?**

---

---

**Skryf een belofte van God neer waaraan jy jou kleingroep tydens julle byeenkoms kan herinner.**

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---